# DIE ROMEINSE GODE

Mev. M. Dircksen, Randse Afrikaanse Universiteit

## Inleiding

Oral in die Romeinse letterkunde duik die name van gode op en Romeinse kunswerke beeld dikwels godsdienstige tonele uit. As gevolg van ons Christelike opvoeding is dit vir ons moeilik om te glo dat mense werklik in die bestaan en magte van hierdie gode geglo het. Tog is dit duidelik dat Augustus gehoop het om die ganse Romeinse samelewing weer op te hef op die basis van 'n herlewing in die godsdiens en dat baie van sy tydgenote soos Horatius, Tibullus, Vergilius en Livius hierdie geloof met hom gedeel het.

Die funksie van godsdiens is om aan die mens 'n gevoel van veiligheid te gee in 'n onvoorspelbare en vreesaanjaende wêreld. Die Romeine het nie wetenskaplike verklarings gesoek vir die dinge wat rondom hulle gebeur het nie. Hul geluk was afhanklik van suksesvolle oeste - waarby die regte weersomstandighede 'n groot rol gespeel het - handel, oorlog, voortplanting en gesondheid, maar vir hulle was dit misterieuse dinge waaroor hulle geen beheer gehad het nie. Dit was bo-natuurlike, eerder as natuurlike prosesse. (Polubius XXXVII, 9,2) In die vroegste tye reeds het die huis 'n soort tempel geword wat die woonplek van goddelike sowel as menslike wesens was. Later is die bewerkte grond deur 'n heilige grens geskei van die berge en bosse met hul onbekende spirituele bewoners. So is 'n fontein vars water of 'n woud deur die Romeine beskou as 'n heilige plek waarin 'n gees, of *numen* woon. Die Romeinse gode het egter geen menslike persoonlikheid gehad nie. Dit was niks meer as bo-natuurlike magte geassosieer met natuurlike gebeurtenisse of plekke nie. Varro (1ste eeu v.C.) het geglo dat die gode van Rome in die vroegste tye dan ook sonder beelde aanbid is. Hierdie inheemse gode het bekend gestaan as *di indigites*, in teenstelling met die *di novensiles* of ingevoerde gode. Die Romeinse gode het egter wel elk hul eie besondere funksie en sfeer van aktiwiteit gehad. So was Mars bv. die oorlogsgod en Vulcanus die god van vuur, maar dié gode het nie vroue, families en liefdesverhoudings gehad, of menslike emosies soos jaloesie openbaar nie. Hierdie eienskappe het later onder Griekse invloed bygekom.

Toe Rome ontwikkel het tot 'n groot handels- en industriële stad, het die mense bly kleef aan die ou vorme van aanbidding maar vernuwing het ook ingetree soos nuwe behoeftes en aktiwiteite in die gemeenskap ontstaan het. 'n Ekonomiese insinking in die vroeë 5de eeu, gepaard met 'n koringtekort en ernstige epidemies, het die instelling van Mercurius vir die sukses van saketransaksies (495 v.C.), Ceres vir die groeiproses (496 v.C.) en Apollo vir genesing (voor 450 v.C.) tot gevolg gehad.

Die aktiwiteite van groepe is ook aan sekere gode toevertrou. Die touwerkopers het Minerva geëer as hul beskermvrou, die koringafmeters vir Ceres terwyl Mars die beskermer van die bouers was.

Elke dorp het 'n beskermgod gehad wat sy aspirasies en aktiwiteite weerspieël het, bv. Vulcanus in Ostia, Minerva in Falerii en Juno by Veii.

Die doel van godsdiensbeoefening was om die korrekte prosedure te vind om die



goedkeuring van die gode te verkry sodat die mens se daaglikse aktiwiteite suksesvol kon afloop. Daar was drie maniere waarop die verhouding tussen gode en mense gereguleer is: gebed, offerande en veral die waarneem van voortekens - die neem van die *auspicia*, wat so'n belangrike rol in die Romeinse samelewing gespeel het.

Die Romeine het nie van die gode verwag om hulle moreel beter te maak nie. 'n Mens is gebore soos hy is, en kan nie verander nie, maar geen belangrike saak, selfs van huishoudelike aard, is onderneem sonder om die goedkeuring van die gode te verkry nie. (Cicero, *De Divinatione* I, 28; Valerius Maximus, II, 1,1.)

## JUPITER

### Oorsprong en Funksies

Selfs voor die era van die Romeinse stadstate is Jupiter in Latium by Alba Longa aanbid as 'n hemelgod of *numen* wat hom op verskillende maniere laat geld het. Hy is veral met die weer en donderstorms geassosieer, en is op heuwels en in woude aanbid. Hier in Latium was hy bekend as Jupiter Latiaris en is op die dag van die *Feriae Latinae* in April op die Mons Albinus vereer.

In Rome self is Jupiter onder verskeie kultustitels aanbid en die oudste hiervan was Jupiter Feretrius. Die stigting van hierdie kultus word deur Livius (1.19) aan Romulus toegeskryf. Op die Kapitolynse heuwel was 'n baie ou eikeboom, die woonplek van die god, waar die *spolia opima* opgehang is as dankoffer aan die god vir sy hulp. Die *spolia opima* was wapens wat 'n Romeinse generaal van 'n vyandelike leier afgeneem het, nadat hy hom eiehandig in 'n tweegeveg gedood het. Aan Jupiter Feretrius het ook die priesterlike Kollege van die Fetiales behoort. Onder die heilige boom was 'n *ara*, binne 'n afgekampte gebied (*sacellum*). Daarna is 'n klein tempeltjie wat slegs 15 vt. wyd was hier gebou (Dionys Hal. ii.34). Hierdie tempel is later deur Augustus herstel. Daar was geen beeld van die god binne die tempel nie, maar slegs 'n klip (*silex*). Die Fetiales (priesterlike amptenare wat oorlogsverklarings en verdrae gereël het) het dit met hulle saamgeneem op amptelike reise en gebruik om 'n eed te neem. Die Romeine het aan die god gedink as teenwoordig in die klip, en het hom aangeroep as Jupiter Lapis. Hierdie kultus is later heeltemal oorskadu deur dié van die Etruskiese Triade (Jupiter, Juno en Minerva) wat deur die Etruskiese konings ingestel is. Tydens hulle bewind in Rome is begin met die bou van 'n groot tempel op die steil rots van die Kapitolynse heuwel wat oor die forum uitkyk. Dit het suid gefront volgens die Etruskiese mode en het drie *cellae* gehad binne die mure van die tempel, wat byna net so lank was as wat dit breed was. Die tempel is, soos wat die gebruik by die Etruskers was, deur 3 gode bewoon - Jupiter, wat die middelste *cella* bewoon het, en weerskante van hom sy twee vroulike metgeselle Juno en Minerva. Volgens oorlewering is die tempel in die jaar 509 v.C., dit wil sê die eerste jaar van die republiek, aan die drie gode gewy. Die god is hier aanbid as Jupiter Optimus Maximus, dit wil sê die beste en grootste van alle Jupiters.

As Jupiter Lucetius was hy die gewer van lig (Macrob. Sat. 1.15.14). Alle Ides, dit wil sê die dae van volmaan was heilig aan Jupiter.



Standbeeld van Jupiter
in die Louvre



Jupiter, beskermer van die
keiser, op 'n munt uit die
tyd van Hadrianus



Jupiter Victor, 'n munt
uit die tyd van Hadrianus




Jupiter op sy strydwa



Jupiterkop op 'n munt van
voor 486 v.C.



Links: 'n jeugdige Jupiter
Regs: Jupiter met bliksemskig en arend



Deur die hele Romeinse geskiedenis is sy sanksie gevra vir morele en wetlike verpligtings wat voortspruit uit 'n ooreenkoms, eed of kontrak. Hy is as Deus Fidius aangeroep by die sweer van 'n eed.

Hy was ook die afweerder van neerlae as Jupiter Stator (Livius 10.36.11) en hy kon situasies van gevaar keer, al was hy nie 'n oorlogsgod nie. In hierdie hoedanigheid is 'n tempel aan die voet van die Palatynse heuwel aan hom gewy.

As reën nodig was is sy hulp gevra onder die kultustitel Elicius en daar was ook 'n altaar aan Jupiter Elicius op die Aventynse heuwel.

Feeste en Spele

1. Vinalia Priora (23 April) en Vinalia Rustida (19 Augustus)

Albei hierdie dae was oorspronklik heilig aan Jupiter (Varro, L.L. 6.16; Ovid., *Fasti*, 4.899) en later ook aan Venus. By die Vinalia Priora in April is die nuwe wyn van die vorige seisoen geproe. By die Vinalia Rustica in Augustus het die priester van Jupiter, die Flamen Dialis, eers geoffer en daarna die eerste druiwe van die nuwe oes gesny.

2. Poplifugia (5 Julie)

Ons weet min van die rites of betekenis van hierdie woord, maar omdat dit binne die ongesonde seisoen in Rome val, is dit moontlik dat dit 'n seremonie was om die volk teen siektes te beskerm.

3. Epulum Iovis (13 September)

Hierdie was ook die stigtingsdag van die Kapitolynse tempel, hierbo genoem, en die *epulum* het waarskynlik ontstaan as 'n danksegging aan Jupiter omdat hy die staat bewaar het van die gevare van die oorlogseisoen. Dit is voorafgegaan deur 'n offer aan die god, waarskynlik 'n wit bulkalf. Dan het die *epulum*, of maaltyd, gevolg, wat die drie godhede, in sigbare gedaante met die amptenare en senatore gedeel het. Die beelde van die gode is vir 'n fees uitgedos en Jupiter se gesig is rooi geverf met *minium* (rooiminie), soos dié van 'n triumphator. Jupiter het 'n lêbank gehad, en die vroulike gode, Juno en Minerva, elk 'n *sella* (sitbankie) en die feesmaal het in hul teenwoordigheid plaasgevind, soos die gebruik ook was by 'n gewone Romeinse eetmaal, waar die mans op 'n rusbank aangelê het terwyl die vroue op 'n stoeltjie aangesit het.

4. Ludi Romani

Die *Ludi Romani* ter ere van Jupiter Optimus Maximus, ook *Ludi Magni* genoem, het van die 5de tot die 19de September geduur en was van die grootste spele van die jaar.

5. Larentalia (23 September)

Uit 'n opmerking van Macrobius (*Sat.* 1.10.11) kan ons aflei dat begrafnisrites tydens hierdie fees uitgevoer is ter ere van die gestorwenes van die ou Rome.


JUNO

Oorsprong en funksies

Juno was 'n baie ou en belangrike Italiaanse godin. Sy is oorspronklik veral met vroue en kindergeboortes verbind. Dit hou verband met haar rol as Juno Lucina - die godin van kindergeboortes, wat dus die *lewenslig* aan mense gee; as sodanig het sy ook beheer oor die begin van die maand, die 'hergeboorte' van die maan. Sy was ook bekend as Juno Moneta. Hierdie benaming word gewoonlik afgelei van *moneo* (raad gee, waarsku), maar daar is geen sekerheid na watter waarskuwing van Juno dit sou verwys nie. Haar tempel onder hierdie naam is egter in 345 v.C. op die Kapitolynse heuwel gewy, naby die plek waar haar heilige ganse alarm gemaak het toe die invallende Galliërs die Kapitolyn in 390 v.C. wou inneem. Die munte van Rome is in hierdie tempel gemunt; daardeur het die woord *moneta* 'n neerslag in Engels (*money*) en Frans (*monnaie*) gevind.



Standbeeld van Juno in die Vatikaan, Rome



Kapitolynse tempel met die Etruskiese triade, Juno, Jupiter en Minerva, op 'n munt van Vespasianus.



Haar funksies het al wyer ontwikkel totdat sy as Juno Regina godin van die staat word. Dit was ook haar titel as lid van die Kapitolynse Triade met Jupiter en Minerva. Sy is veral by Lanuvium vereer waar sy as Juno Sospita aanbid is en waar sy voorgestel is as gewapen met 'n spies en skild en geklee in 'n kleed van bokvel met sagte skoene wat by die tone opkrul. Haar funksies was dus drieledig - (1) godin van vrugbaarheid, (2) staatsgodin en (3) oorlogsgodin. Met die identifikasie van Jupiter met die Griekse Zeus is Juno geassosieer met Hera, die eggenote van Zeus, en word sy dus ook beskou as die suster en metgesel van Jupiter. Alle *Kalendae* was heilig aan Juno.

Feeste

1. Nonae Caprotinae (7 Julie), ook Ancillarum Feriae

Op hierdie dag het die slavinne hulle allerlei vryhede veroorloof - die *matronae* se rokke gedra, aan wedlope deelgeneem, met vyelatte slae uitgedeel en met die vuis en met klippe baklei (Plutarchus, *Camillus* 33). Sowel die vry vroue as die slavinne het aan Juno Caprotina geoffer onder 'n wilde vyeboom (*caprificus*) op die Campus Martius. Die melkerige sap van die boom is gebruik vir die offer in plaas van melk.

2. Matronalia

Hierdie fees van die getroude vroue (*matronae*) is op 1 Maart, die *dies natalis* (wydingsdag) van Juno se tempel op die Mons Esquilinus, gehou. Die oorsprong van die fees is moeilik om te bepaal en dit word deur sommige geleerdes terugherlei na die geboorte van Romulus, deur ander na die lente-ontwaking van vrugbaarheid (*tempore fecunda*) en deur ander na die skaking van die Sabynse maagde of die geboorte van Mars. (Dumézil p. 294). Op hierdie dag het die *matronae* geld van hul mans gekry om hul eie rituele geskenke vir diê fees aan te koop, terwyl die mans gebid het *pro conservatione coniugii*.

Tempels

1. Die Kapitolynse tempel waarin Juno tesame met Jupiter en Minerva aanbid is (kyk by Jupiter en Minerva).

2. Die tempel van Juno Sospita van Lanuvium in die *forum olitorium*, wat in die jaar 197 v.C. deur die konsul Cornelius Cethegus beloof is. Dit was in die tyd van Ovidius reeds vervalle. (*Fasti*, 2.55).

3. Op die noordelike hang van die Mons Esquilinus is 'n tempel vir Juno Lucina opgerig. Dit is in 375 v.C. aan die godin toegewy en was geleë in 'n woud wat alreeds vir die godin geheilig was. Niemand is daar toegelaat as hy 'n knoop in sy klere gehad het nie.

MINERVA

Oorsprong

Minerva was oorspronklik 'n inheemse Italiaanse godheid - die beskermer van

ambagsmanne. Met die koms van die Etruskers is sy verhef tot staatsgodin en vereenselwig met die Griekse godin Athena, die dogter van Zeus, wat ook die beskermvrou van ambagsmanne was. Later het Minerva ook die beskermer van letterkunde en drama geword.

Tempels

1. Die tempel op die Kapitolyn. (Kyk by Jupiter.)

2. 'n Tempel van Minerva *extra pomerium* (d.w.s. buite die grense van die stad), op die Aventynse heuwel waarvan die ouderdom onbekend is, is gedurende die 2de Puniese oorlog as die hoofkwartier van die ambagsmanne beskou. Plutarchus in sy *Lewe van Numa* (hfst. 17) sê dat die volgende gildes aan Minerva behoort het: *tibicines* (fluitspelers) *fabri* (wat moontlik na skrynwerkers verwys) *fullones* (klereskoonmakers) en *sutores* (skoenmakers). Die wydingsdag van haar tempel op die Aventynse heuwel was 19 Maart en dit was ook bekend as *artificum dies*.

3. Na die inname van Falerii deur die Romeine in 241 v.C. is daar aan Minerva, onder die naam Minerva Capta, 'n heiligdom op die Mons Caelius in Rome gegee.

Feeste

1. 13 September was die dag van die beroemde *epulum Iovis* (die feesmaal van Jupiter). Dit was ook die *dies natalis* (wydingsdag) van die groot Kapitolynse tempel. Die konsul het op die dag 'n wit bul aan Jupiter geoffer. Die beelde van die drie Kapitolynse gode is opgetooi, Jupiter is op 'n lêbank geplaas en Juno en Minerva elk op 'n sitbankie. Daarna het die ampsdraers en senatore die oorblyfsels van die wit bul saam met die gode geniet.

2. Die fees van die *Quinquatrus*, (die vyfde dag na die Ides van Maart d.w.s. 19 Maart) was oorspronklik net aan Mars gewy. Dit was egter ook die *dies natalis* van een van Minerva se tempels en is beskou as haar verjaardag (Ovid., *Fasti* 3.835). Die verering van Minerva op die dag het later ten koste van Mars plaasgevind en die fees van Minerva is selfs uitgebrei om oor vyf dae te strek weens 'n verkeerde interpretasie van die woord *Quinquatrus*. Die *Tubilustrium*, die fees van die trompet op die 23ste Maart wat ook eers 'n Marsfees was, is ook deur haar oorgeneem en sy is beskou as die beskermvrou van hierdie gilde.

3. 13 Junie was gewoonlik *Quinquatrus Minusculae* genoem, omdat die *tibicines* (fluitspelers), wie se feesdag dit was, geassosieer is met hul beskermer Minerva. Op hierdie dag het die gilde van die fluitspelers 'n fees in die tempel van Minerva op die Aventynse heuwel gehou en dan geklee in lang rokke en met maskers op deur die strate van Rome ge-



Etruskiese Minerva op 'n baie ou kamee



loop. Verstandige burgers het hul deure gesluit en tuis gebly.

Uit die Mitologie

Volgens 'n taamlike laat storie uit die mitologie (laat omdat dit reeds die gode as menslike individue voorstel) wou Mars met Minerva trou. Hy het die godin van die jaar, Anna, wat baie oud en lelik was, as tussenganger gebruik, maar sy het hom gekul en toe hy na die trouseremonie die bruidsluier lig, het hy nie die mooie Minerva nie, maar die grysende gesig van die lelike Anna gesien.

VULCANUS

Oorsprong en funksie

Vulcanus was die ou Italiaanse god van vuur, oorspronklik veral van vulkaniese vuur. Hy is bv. by Puteoli, in die skadu van die vulkaniese berg Vesuvius aanbid.



Baardlose Vulcanus met hamer en tang

Daar is tot hom gebid om vuur af te weer. Hy het dus die bynaam Mulciber (*qui ignem mulcet*) gekry. By Ostia was daar 'n uitgebreide kultus van Vulcanus en was hy blykbaar die hoofgod. Dit is te verstane aangesien skure in Ostia in Augustus vol nuwe graan uit Sisilië, Afrika en Egipte was, en in die warm maand was die gevaar van vuur besonder groot.

Na die groot vuur in Rome in die tyd van Nero, het Domitianus 'n nuwe altaar aan Vulcanus opgerig.

In klassieke tye is Vulcanus met die Griekse god Hephaistos, die god van die smede, geïdentifiseer en dit is ook die rol wat hy by die digters speel. (Ovidius, *Fasti*, 5.725).

Op die slagveld is die wapens wat by die vyand afgeneem is aan hom gegee sodat hy dit kan vernietig (Livius 1.37.5).

Tempels

Die tempel van Vulcanus was altyd buite die stad geleë, (Plut. Q.R.47) sodat hy vuur van die stad af kon weghou. Die oudste tempel was geleë aan die voet van die Kapitolynse heuwel, aan die suid-oostelike kant, en moet dus dateer uit 'n tyd toe hierdie deel nog buite die stadsgrense gelê het. Dit was in 'n oop ruimte, die *Volcanol*, en die altaar, die *area Volcani*, was oop na die hemel. 'n Latere tempel is in 214 v.C. voltooi (Vitruvius 1.7.1.), buite die stad, naby die Circus Flaminius.

Volcanalia

Die fees van Vulcanus, die *Volcanalia*, is op 23 Augustus gevier. Tydens die

fees is offers aan verskeie godhede gebring - Quirinus, Ops Opifera, die nimfe en Vulcanus self. Die doel van die offers was die beskerming van die graan. Lewendige vissies is onder andere in die vuur gegooi (Varro. *Ling.* 6.20). Die idee hieragter was waarskynlik dat Vulcanus die landbewoners, hul oeste, huise en vee sal spaar as hy 'n offer ontvang van wesens wie se habitat hom normaalweg teen vuur beskerm.

## VENUS

### Oorsprong

Die naam 'Venus' is eintlik onsydig, en slegs vroulik omdat dit 'n vrou aandui. As 'n naamwoord beteken dit *sjarme*, *skoonheid*, *'n mooi voorkoms*. Die godin Venus was oorspronklik die *numen* van tuine d.w.s. sowel van voedsel en kruie as blomme en het as sodanig die *procuratio hortorum* gehad (Rust. I.I.6). Sy was dus ook die godheid wie se mag groente- en ander tuine geil en vrugbaar gemaak het.

### Identifikasie met Aphrodite

Eryx, in noord-wes Sisilië was een van die belangrikste sentrums van die kultus van Aphrodite, die Griekse godin van skoonheid, vrugbaarheid en liefde. Tydens die eerste Puniese oorlog het die Romeine hierdie sentrum verbete verdedig en van daardie tyd af is Venus met Aphrodite geïdentifiseer. Sy het Venus Erycina vir die Romeine geword. Die vereenselwiging van die Griekse Aphrodite met die liefde en met geluk, bv. die werp van dobbelstene met 'n hoë telling is deur Venus Erycina oorgeneem. Sy is toe ook op munte met koringare en druiwe voorgestel, net soos die Oosterse godin. Na die suksesvolle verdediging van Eryx word sy ook die gewer van oorwinning, en dus dra sy op munte die diadeem en lourierkrans.

Aphrodite was volgens die mitologie verlief op die Trojaanse prins Anchises, wat sy gesien het terwyl hy sy kuddes op Berg Ida laat wy het. Sy het vir hom 'n seun, Aeneas, gebaar. Aeneas en sy familie het die verwoesting van Troje oorleef, en na baie omswerwinge stap hulle in Latium aan die mond van die Tiber, aan wal en Aeneas word die stigter van die Romeinse volk. Aphrodite - of dan vir die Romeine - Venus, was dus die moeder van Aeneas en as sodanig is sy as voorsaat van die Romeinse volk beskou.

### Tempels

Venus is op verskeie plekke in die Ooste aanbid bv. op die Egeïese eiland Cythera (Verg., *Aen.* IV.128). In die jaar 295 v.C. is die eerste tempel in Rome deur die aedile[1] Fabius Gurges vir haar opgerig uit geld wat verkry is uit boetes wat opgelê is aan vroue wat aan onkuisheid skuldig bevind is. (Liv. 10.31.9). Tydens die Puniese oorloë word haar verering baie gewild. Byvoorbeeld ná die neerlaag wat teen Hannibal gely is by die Trasimeense meer, het Q. Fabius Maximus (Cunctator) op 23 April 215 v.C. 'n tempel aan haar laat wy. Dit was die dag van die *Vinalia Priora* d.w.s. wanneer die eerste

1) Georges Dumézil, *Archaic Roman religion*, The University of Chicago Press, 1970, Volume I + II.



wyn van die vorige jaar se oes vir Juppiter uitgegiet is. Dit het aanleiding gegee daartoe dat baie mense verkeerdelik gedink het dat Venus die godin van die fees was en dit word die dag waarop prostitute aan haar offers bring. In 181 v.C. het die konseul L. Porcius Licinius na die oorwinning oor die Liguriërs 'n tweede tempel aan Venus gewy, waarvan die *dies natalis* ook 23 April was. Dit was 'n indrukwekkende gebou met 'n duur beeld van die godin binne. Ovidius (*Fasti* 4.133-39) skryf dat die vroue die goue kettings van Venus se marmer nek moes afhaal en haar was, afdroog en dan die halsketting terugsit. Dan moet hulle vir die godin blomme gee en self onder die groen mirte bad. Die prostitute vra van Venus skoonheid en die guns van die mense. Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van hoe onwenslike buitelandse elemente die meer sobere Romeinse ritueel binnegedring het.

### Verering deur Sulla, Pompeius en Caesar

Sulla het sy goeie geluk aan Venus toegeskryf en sy verskyn op die *aurei* wat hy in 86 v.C. gemunt het sowel as die van 82 v.C., ná sy terugkeer vanaf Griekeland.



Venus Genetrix

Na Pompeius se oorwinning oor Mithridates in 55 v.C. wy hy 'n tempel aan haar, bokant sy pragtige teater.

Julius Caesar het aanspraak gemaak op direkte afstamming van Aeneas se seun Iulus, en dus van Venus. Hy was volgens Dio Cassius (LX 111.33.3) heeltemal toegewy aan haar en het graag vertel dat hy sy jeugdige blos van haar ontvang het.

In die ure voor die slag van Pharsalus het Caesar tot Venus gebid (Appianus B.C. 2.68). Hy offer om middernag aan Mars en Venus en belowe om 'n tempel aan Venus Victrix op te rig ná sy oorwinning. Op die oggend van 9 Augustus 48 v.C. spoor hy sy troepe aan met die uitroep 'Venus Victrix'. Dit is egter ter ere van Venus Genetrix (d.w.s. moeder van die *gens Iulia*) dat hy die marmer en goue tempel in die Forum oprig en aan die stad gee. Sy afhanklikheid van Venus was so bekend dat Cicero grappenderwys in 49 v.C. na hom verwys as Venus se afstammeling - *Venere prognatus* (*Ad fam.* VIII 15.2).

(Die tekeninge is deur Martine De Marre)

(Word vervolg in volgende nommer van *Akroterion*)